# DIE SKIETLOOD

Uitgawe 117 - 11 Augustus 2017
saam met Koersvas 117

**NGB ARTIKEL 10**

Indien ons bely dat ons glo in God Drie-Enig, is die volgende logiese stap om die Godheid van die Vader te bely. Die NGB doen dit nie omdat daar geen twyfel bestaan oor hoe ons die Vader moet verstaan nie. Die Seun as ware mens en ware God, se bestaanswyse en Sy wese moet omskryf word. Dieselfde sal geld die Heilige Gees wat deur baie mense as krag verstaan is. Ons ondersoek al hierdie sake, nie om by die beste godsdiens uit te kom nie, maar om die beste verstaan van die enigste waarheid te bewerkstellig. Die NGB Artikel 10 hanteer die Godheid van Jesus deur na twee aspekte te verwys. Die eerste verwys na die ewige Seunskap en die tweede verwys na die werk van God wat die Seun doen.

Binne ons denke oor die Triniteit is daar verwys na die Tweede Persoon en die Derde Persoon. Jesus Christus is die Tweede Persoon en die Heilige Gees is die Derde Persoon. Die feit dat Jesus mens geword het en op verskillende wyses aan ons Sy Seunskap gewys het, lei daartoe dat ons praat van die Tweede Persoon as die Seun. Anders gestel, verwysings na die Tweede Persoon in die Triniteit is sinoniem met verwysings na die Seun. Kom ons kyk nou eers na die Godheid van Jesus Christus. Die keuse vir die woord “Godheid” eerder as ‘n term soos “Goddelikheid” is nie toevallig nie. Deur te verwys na Godheid is dit nie nodig om die woord “aard” by te voeg nie – goddelike aard. Dit vermy ook enige verwarring wat kan ontstaan indien net die woord “goddelik” gebruik word. Binne die verstaan ruimte van die Triniteit praat ons oor elkeen van die Drie Persone was ware God. Die verwarring kan ontstaan indien goddelike aard genoem word omdat dit in menslike denke kan lei tot ‘n verdeling van goddelike eienskappe, of tot die gedagte dat daar net aspekte van goddelikheid in die Tweede Persoon -die Seun – teenwoordig is.:

**DIE GODHEID VAN JESUS CHRISTUS**

**Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid (Hebreërs 1:3) en in alles aan Hom gelyk (Filippense 2:6). Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuienisse ons as hulle met mekaar vergelyk word: Moses sê dat God die wêreld geskep het, en die heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord, wat hy God noem (Genesis 1:1 en Johannes 1:3). Die apostel sê dat God die wêreld deur Sy Seun gemaak het en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskep het (Hebreërs 1:2 en Kolossense 1:16). So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is. En daarom sê die profeet Miga: 'Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid' (Miga 5:1),**

**en sê die apostel: 'Hy is sonder begin van dae of lewens einde' (Hebreërs 7:3). Hy is dus die ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien**.

Soos met vorige dele van die belydenis word ‘n keuse gemaak ten opsigte van die sake wat as bewyse aangevoer word vir hierdie belydenis. Uit die keuses wat gemaak word, is dit duidelik dat die opstellers sekere moontlike dwalings wou vermy, sekere gevolgtrekkings opsy wou skuif. Die leer van Arius en die dwaling van Adopsionisme is beslis in die visier, soos blyk uit gedeeltes wat nie ter stawing van hierdie leerstuk gestel word nie. Die opstanding, Jesus se verskynings en die Hemelvaart is almal teksgedeeltes en historiese insidente wat ter stawing gebruik kan word. Dit was veral die leë graf wat die dissipels oortuig het dat Jesus die Seun van God is. Reeds by Jesus se eerste verskynings, het die mens Hom aanbid. Tog word hierdie gedeeltes nie ter stawing gestel nie omdat die ewige bestaan in die kollig moet wees en omdat die Adopsionisme wil beweer God het Jesus aangeneem.

Dit is die prominente aanspraak in die Bybel wat mense se onbegrip tot gevolg het. Enige persoon wat die Godheid van Jesus ontken, ignoreer die hoofpunt wat in die Nuwe Testament gemaak word. Jesus is God in menslike vlees. Jesus het self aanspraak gemaak op die status van Seun van God die Vader.

‘n Verkeerde verstaan van Jesus is baie meer katastrofies vir geloof as wat mense soms bereid is om te erken. Indien jy die Godheid van Jesus verkeerd verstaan, verstaan jy God verkeerd. Daar is nie ‘n manier om die saak te omseil nie. Die *solus Christus* van die Reformasie staan sentraal tot ons teologie. Om God te ken en te aanbid, is dit nodig om Jesus te ken en te aanbid. Dit is die Godheid van Jesus wat vir mense die grootste struikelblok is en was. Sy mensheid is vir bitter min mense problematies. Daar was ‘n lewende gemeenskap van ortodokse Jode wat Jesus as mens geken het. Hy het al die mylpale van ‘n kind bereik. Hy het geëet, geslaap, gehuil en moeg geword. Sy mensheid is eintlik onmoontlik om te ontken. Dit is ons nadenke oor die Godheid van Jesus wat mense in hulle teologie en denke laat struikel.

**Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees;**

Die eerste opmerking wat gemaak word, verwys na die Goddelike natuur van Jesus Christus. Hierdie opmerking kan net vanuit ‘n posisie van vertroue gemaak word. Ons as mense is nie ewige wesens nie, ons besit geen instrument of tuig wat dit vir ons moontlik sal maak om in tyd terug te beweeg, of uit tyd weg te beweeg nie. Ons kan nie vanuit waarnemer-status hierdie tipe van stelling maak nie. Dit is in die geloof en vertroue dat God getrou is, ook aan Sy openbaring, dat sodanige stellings gemaak word. Die stelling word gemaak teen die agtergrond van die kettery wat in Artikel 9 van die NGB gemaak is waarin verskeie ketters genoem is. Een van die groot ketters van alle tye was Arius wat die Godheid van Jesus ontken het. Hy het in sy teologiese denke van Christus ‘n eerste skepsel en mindere wese gemaak. Hy het beweer Jesus is eerste geskep en het daarna alles geskep. Dit is kettery want dit beteken dat Jesus die begin van tyd is,

terwyl Jesus voor tyd reeds was. Dit sou verder beteken dat Jesus ook net ‘n skepsel is, al is Hy ‘n verhewe skepsel. Dit sou beteken dat Jesus nie ons sondes sou kon wegdra nie.  Jesus is ewige, eniggebore Seun van die Vader. Ons bely dit, ons glo dit, maar ons kan dit nie verklaar nie.

Teenoor die Moslems, die Jehova getuies en die Jode moet ons duidelik stel dat die Seun se bestaan ‘n voor-skepping bestaan is. Hy is nie die begin van die skepping nie, Hy is nie deel van die skepping nie, Hy is - soos die Vader - ewige God, drie in Persoon, een in Wese. Aan die liberale eksegete - wat Jesus uitbeeld as uitsonderlike etiese leier, vaderlose vertrooster, verwerpte Sjamaan, of watter historiese Jesus hulle ookal wil konstrueer – moet ons duidelik stel dat hulle die kern van Jesus se bestaan nie verstaan nie. Hulle hoor ook nie die sentrale boodskap van die Evangelies nie. Hulle is met randverskynsels en hulle eie hersenskimme besig, beslis nie met die Jesus Christus wat ons in die Bybel ontmoet nie.

Jesus se Godheid word in verskeie tekste in die Ou Testament aangedui in profetiese gedeeltes. In die Nuwe Testament is daar ‘n verskeidenheid temas wat gebruik kan word om hierdie Godheid aan te dui. Jesus het Homself Seun van God genoem, na die Vader as Abba verwys en na Homself as gelyk aan God. Jesus het toegelaat dat Hy aanbid word, Hy het gesê dat Hy sonde kan vergewe en mense van die ewigheid verseker.  Jesus was sondeloos, God het Hom die geliefde Seun genoem, Jesus het wonders gedoen. Die lys van teksgedeeltes en perspektiewe wat Jesus se Godheid bevestig is werklik lank.

**Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid (Hebreërs 1:3)**

*“Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel*.” Ons kan nie die Godheid van Jesus tydens Sy lewe hier op aarde altyd ewe duidelik aandui nie. Tog het die werklikheid van Sy wese deurgestraal vir mense om raak te sien.

**en in alles aan Hom gelyk (Filippense 2:6).**

“*Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie*, ...” Daar is redelik konsensus dat hierdie himne wat ons in Filippense vind, ‘n baie ou geskiedenis het en vroeg reeds in die kerk gebruik is. Hierdie woorde dui duidelik aan dat Jesus deur die eerste volgelinge ernstig opgeneem is en dat hulle deur die Heilige Gees oortuig is dat Jesus die HERE is.

In die volgende gedeelte wil die NGB ons wys op die verbande wat daar bestaan tussen die Ou- en Nuwe Testament. Temas wat van groot belang is in die Ou Testament, word in die nuwe Testament opgeneem en toegespits op Jesus van Nasaret.

**Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuienisse ons as hulle met mekaar vergelyk word:  Moses sê dat God die wêreld geskep het, en die**

**heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord, wat hy God noem (Genesis 1:1 en Johannes 1:3).**

Net om die argument duidelik aan te toon: In Genesis lees ons dat God geskep het. Ons lees ook oor God se instrument en metode van skepping. God het nie materiaal geneem, gevorm of georden nie. **God het geskep deur bloot te praat**. God het gesê, en dit het gebeur. Om te sê is om woorde te gebruik. In die konteks van die Bybel is hierdie Woord 'n enkel een. Jesus word in Johannes 1 aangedui as die Woord. Toegepas op Genesis 1 kan ons daarom stel dat God deur die Woord (die Seun) geskep het.

**Die apostel sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskep het (Hebreërs 1:2 en Kolossense 1:16).**

"*God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep." " ... maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak*." Net om enige twyfel oor die vorige koppeling van tekste uit die weg te ruim, dui hierdie twee tekste duidelik aan dat dit 'n geldige verband is om te trek. God het deur die Seun alles geskep. Daardie Seun is aan ons bekend as Jesus Christus.

**So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is.**

Die logiese gevolgtrekking kan onderstreep word. Die Bybel laat geen twyfel oor die aard en identiteit van die Tweede Persoon van die Triniteit nie. Hy is die Seun en daardie Seun is Jesus Christus. Hierdie Seun is die een deur wie alles geskep is en Hy het saam met die Vader voor alle tyd bestaan. Net soos die Vader, het Hy geen begin of einde nie, Hy is van dieselfde wese as die Vader. Hy is God.

**En daarom sê die profeet Miga: 'Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid' (Miga 5:1),**

Die 1983-vertaling laat nie reg geskied aan die Hebreeuse teks nie. Dit is duidelik in die Miga teks dat die verwysing is na vergetelheid, ewigheid, voor-tyd. Die NGB sien in hierdie teks 'n verdere verwysing na die voorbestaan van die Seun.

**en sê die apostel: 'Hy is sonder begin van dae of lewens einde' (Hebreërs 7:3). Hy is dus die ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.**

Die verwysing na die orde van Melgisedek is tegelyk verwysing na die wese van die Seun.

Uit al die seleksies van gedeeltes aangehaal, is dit duidelik dat die Seun een in wese met die Vader is. Sy Godheid staan bo alle twyfel.